Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

28 Augustus 2020

ALGEMENE NUUSBRIEF

Al die Wonnies is nou reeds vir meer as twee weke terug by die skool en ons personeel en Wonnie-leerders is hard besig om die akademiese program op dreef te kry. Ons maak 'n beroep op ouers en leerders om op die dae wat leerders nie skool bywoon nie, die tyd te benut om, waar nodig, in te haal met die werk ten einde akademiese sukses aan die einde van hierdie uitdagende jaar te behaal.

1. TYDVERANDERINGS



Vanaf 1 September sal die skool 5 minute vroeër om 07:40 begin. Aangesien ons ordereëlings tydens pouse baie goed werk, het ons besluit om weer terug te gaan na ons normale 35 minute pouses. Dit beteken dus dat ons skooldag om 14:00 sal eindig op dag 1-4 en 13:25 op dag 5. Ouers moet asb. die nodige reëlings hiervolgens tref.

2. SKOOLDRAG

As gevolg van die buitengewone koue dae wat ons beleef het, was vergunning vir leerders gemaak om tot einde Augustus met sweetpakke skool toe te kom. Vanaf 1 September sal leerders weer gewone skooldrag moet aantrek. Leerders en ouers moet ook kennis neem dat voorkomsinspeksies weer gereëld gehou sal word. Maak asb. seker dat hare, naels ens. reg is, geen baarde onder die maskers nie en dat leerders se uniform volgens die gedragskode korrek is.

Leerders wat weens ko-morbiditeite tuis studeer, maar wel skool toe kom vir toetse, moet asseblief ook die korrekte skooldrag en algemene voorkomsreëls nakom wanneer hul die skool besoek.

3. MATRIEKAFSKEID

Die amptelike matriekafskeid, soos wat dit elke jaar daar uitsien, vind ongelukkig as gevolg van die Covid-19 regulasies nie hierdie jaar plaas nie. Daar is egter reeds alternatiewe reëlings met ons matrikulante gemaak vir 'n reeks kleiner funksies. Dit is egter 'n privaat-inisiatief, maar gee tog vir ons leerders die geleentheid om 'n funksie te kan hê waar die nodige foto's ens. geneem kan word. Ons sê dankie aan ons beheerliggaam en Amarosa Venue vir hierdie inisiatief.

4. MATRIEKRAADVERKIESING

Die matriekraadverkiesing vind op die 3de en 4de September plaas. Die nominasieproses is reeds aan die gang en sluit Vrydag, 28 Augustus. Die tegniese reëlings rakende die verkiesingsprosedure sal volgende week met graad 11-leerders en ouers gedeel word.

5. REKORDEKSAMEN

Matrikulante is danksy hardwerkende onderwysers en leerders klaar met die kurrikulum en hulle het reeds hierdie week begin met die rekordeksamen. Ons wens hulle sterkte toe met hulle voorbereiding.

6. AFWESIGE LEERDERS

Daar is heelparty leerders wat nog nie fisies teruggekeer het skool toe nie. Die skool het ook geen kommunikasie vanaf ouers ontvang rakende dié leerders se doen en late nie. Ons is besig om hierdie leerders op te volg. Ouers word egter herinner dat leerders wat nie die nodige skoolwerk doen en toetse en ander vorme van assesserings aflê nie, nie die jaar sal slaag nie. Ouers sal ook weer van vooraf moet aansoek doen ten einde vir 2021 vir hulle kinders plek in die skool te kry.

Indien u kind nog nie teruggekeer het skool toe nie, stuur asseblief dringend 'n e-pos na admin@wonnies.co.za om 'n reëling te tref.

7. LENTEDAG – VAT-HANDE-PROJEK

Daar is verskeie Wonnie-gesinne wat werklik tydens hierdie Covid-19-tydperk groot finansiële uitgawes moet trotseer. Graag wil ons hierdie Wonnie-gesinne ondersteun. Ons vra dus dat die 1ste en 2de September – as Lentedag – gekombineer word met die Vat-hande-projek. Leerders (Graad 8-11) kan dan vir Lentedag gewone klere aantrek, maar ons vra tog dat hul EEN van die onderstaande items, soos uiteengesit vir hul graad, vir die koskas saambring. Baie dankie dat ons ook u ondersteuning hier kan vra.

GR 8				
500g Koffie	4 pakkies 2 min noedels	500g Macaroni/ Spaghetti	2kg Mieliepap	4 pakkies Sop
GR 9				
1ℓ Lang lewe melk	500g Macaroni/ Spaghetti	Blikkie Tuna	2kg Rys	Blikkie Bully Beef
GR 10				
Blikkie Tuna	500g Hand Waspoeier	2kg Meel	2 in 1 Shampoo	Pakkie Pasta
GR 11				
Pakkie Pasta	Blikkie Bully Beef	Tandepasta / Tandeborsel	Blikkie Meat Balls	Badseep

Wonnie-groete

M LEZAR
SKOOLHOOF